NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  Badseloop: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;
  Magaliesberg Jeugkampterrein: Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.

11 November 2022: Nr 39/2022

Warmnuus

UP Teologiese studente

Legitimasie

Die Teologiese studente in hulle finale jaar word op Donderdag *10 November* in Universiteitsoord gelegitimeer as proponente van die NG Kerk. Hulle is: Rikus Blom; Jeannette de Wet; George Matthee; Robert Meintjies; Heinrich Momberg; Ian van Niekerk; Christo Venter, asook Tienie Swanepoel (diensleraar).

Die studente en enkele mense wat direk by hulle opleiding betrokke was het onlangs saam met die moderatuur by die Sinodehuis ontbyt geëet.

Sinodesitting

Die sprekers wat tydens die afgelope sitting opgetree het se lesings is tydens die sitting opgeneem en in die proses om deur die tegniese span op Youtube gelaai te word. Die proses is ongelukkig redelik tydsaam, maar ons sal laat weet sodra dit beskikbaar is.

Lees gerus solank *prof. Pierre Joubert* se voordrag met die titel *"The Long-Term Consequence of COVID-19 Infection"* deur **hier te kliek**.

Sinodenuus

Werkskepping



Prof Jurie van Vuuren (UP) skryf: "Werkloosheid in Suid Afrika lei tot groot sosiale probleme en kan sekerlik as die hoof oorsaak van armoede bevestig word. Internasionaal is daar 'n direkte korrelasie tussen die entrepreneuriese geneigdheid van 'n bevolking en ekonomiese groei."

Gemeentes wat wil betrokke raak by die Werkskeppingsprogram van die Noordelike Sinode wat by die Sinodesitting bekend gestel is, kan vir Maryke Venter, maryke@elpidatrust.co.za / 082 452 4517 of vir Paul Grobler, paul@noordsin.co.za / 082 653 5734 kontak. **Kliek hier** vir meer inligting.

Bestmed

Nuwe gapingsdekking

Alexander Forbes, die konsultante wat predikante en ander personeel se belange by Bestmed hanteer, stel 'n nuwe produk bekend. Hierdie produk help om die gaping tussen mediese fonds tariewe en die werklike koste van diensverskaffers te vul.

* Kliek hier vir 'n brosjure en 'n inligtingstuk van **Admed**. Kontak hulle gerus hieroor.

2023 Produkinligtingsessies

Lede word hartlik uitgenooi na die bekendstellng van die gapingsdekkingproduk en 'n kort bespreking oor die mees kritiese veranderinge aan die voordeelopsies en ledegeld vir 2023. Daar sal vanjaar ***twee aanlyn-inligtingsessies*** gehou word vir die Kerkgroep wat deur beide Alexforbes en Bestmed behartig sal word:
* *15 November* [10:00-11:00] – **Kliek hier** om te registreer.
* *17 November* [17:00-18:00] – **Kliek hier** om te registreer.

❖ Abraham Kriel Kinderhuis, Nylstroom

Gerda van der Merwe, Uitvoerende Hoof skryf: "Ons as Abraham Kriel Kinderhuis Nylstroom het die geleentheid gekry om 60 van ons kinders wat nie vir die vakansie kan uitgaan nie, na Port-Elizabeth te neem…Vir bykans 90% van die kinders gaan dit die eerste kennismaking met die see wees…" **Kliek hier** om verder te lees.

* Daar is egter produkte/artikels wat benodig word: Beskuit, koekies, swemklere, swemhanddoeke en sakgeld. Gemeentes wat graag wil help kan vir Gerda kontak by hoof@akknyl.co.za of skakel haar by 014 717 5264/5.

❖ Tekslees met 'n verskil

Dinsdag 15 November: **Jeremia 23:1-6**
Topic: Ou Testament Tekslees-skakel;
Time: This is a recurring meeting. Meet anytime.
Join Meeting: https://us02web.zoom.us/j/81788166700?pwd=WEp2ekxFeE5vWjM5cUN3Tno2djlDQT09
Meeting ID: 817 8816 6700; Passcode: 029536

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Innige simpatie

Ons het verneem dat **Philip Bergh** [emeritus en vroeër leraar van Quaggapoort] op 4 November oorlede is. Sy roudiens vind op Vrydag *11 Novembe*r uit die NG Kerk Parow-Noord plaas.

❖ Baie geluk!

Meiring de Wet [Doornpoort] en sy vrou **Jeannette** met die geboorte van hul dogtertjie, Ariël.

❖ Beroep

Heinrich Stapelberg [Florauna] het 'n beroep na **Overkruin** ontvang. >>>

❖ Verjaarsdagwense

15/11 James Kirkpatrick [Stellastraat]
Nelius Steyn [Wonderboom]
Nico van Wyk [Emeritus]
18/11 Cois Pretorius [Emeritus]

14/11 Lambert van Blerk [Eggenoot van Natalie-Ann van Blerk, Mootvallei]
18/11 Mari Kirkpatrick [Eggenote van James Kirkpatrick, Stellastraat]
19/11 Lizelle Clasen [Eggenote van Ferdie Clasen, SA Gemeente Londen]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae

Koedoesrand [13/11/1943]
Magalieskruin [15/11/1979]
Lynnwood [16/11/1961]
Rustenburg-Bergsig [16/11/1967]
Pietersburg-Noord [18/11/1950]
Wonderpark [18/11/1989]

Sesmylspruit [19/11/1965]

❖ "Relay for Life"

Die **Ring van Sesmylspruit** skryf: "Die gemeentes ring bied van *2-3 Desember* 'n *KANSA relay for life* aan, waartydens ons die stryd van Kankerstryders en -versorgers vier. Hierdie internasionale geleentheid word ook in baie stede van Suid-Afrika aangebied ter bewusmaking en erkenning van die stryd wat kankerlyers en oorwinnaars voer, asook dié van hulle versorgers en ondersteuners.
* **Video**: https://www.youtube.com/watch?v=NA4h9srDghQ * **Inskrywings en info**: https://bit.ly/CANSArfl22

❖ Eerstejaarskampe 2023

Universiteitsoord
* Eerstejaarskamp: *30 Januarie - 3 Februarie 2023.*
* Personeelkamp (senior studente): *27 - 29 Januarie 2023*
Al die inligting oor die kamp verskyn hier**:**
https://www.universiteitsoord.co.za/eerstejaarskamp.

PUK Kandelaar
31 Januarie – 3 Februarie 2023
Kort Video: Kliek hier
Meer Inligting: Kliek hier
Inskrywings: Kliek hier [Sluitingsdatum: *25 Januarie 2023*]
Facebook: Kliek hier

Toerusting

❖ Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

Volledige jaarprogram vir 2022
Navrae: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za / http://www.excelsus.org.za/

Die jaar van God se genade

Die vierde van vanjaar se kreatiewe aanlyn werkswinkels oor die viering van die kerklike jaar
15-16 November 08:30-16:30.
Daar word saam gedink en saam gewerk aan die viering van: *Advent en Kersfees; Epifaniefees en die Sondae ná Epifanie*.
Aanbieders: André Bartlett en Anandie Greyling. **VBO**: 20 punte
Sluitingsdatum: *11 November* Kliek hier om in te skryf: https://forms.gle/QbygSEYnr4B9gxcT8.

Jeugbediening (gevorderde kursus)
Kursus aangebied deur die Sentrum vir Geloof en Gemeenskap by UP.
14 – 17 November; *15 – 19 Januarie 2023*; *Verhandeling Maart 2023* [**Kliek hier** vir volledige inligting]

Ander nuus

❖ Post-Doktorale studiebeurs

Die Universiteit van die Vrystaat (UV) nooi toepaslik gekwalifiseerde kandidate uit om aansoek te doen vir 'n post-doktorale studiebeurs in die Departement Praktiese en Missionale Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat.
Kandidate wat daarin belangstel om 'n akademiese of professionele loopbaan gefokus op empiriese navorsing te volg, met 'n besondere navorsing belangstelling in gemeente studies en leierskap binne die Suider-Afrikaanse konteks, word aangemoedig om aansoek te doen. [**Kliek hier** vir die volledige inligting]

❖ CLF

CLF skryf: "Ons bied hierdie feesseisoen 'n wonderlike geleentheid aan gemeentes en lidmate om kersaankope te doen wat werklik jou sak sal pas. 'n Wye verskeidenheid boeke en ander produkte is beskikbaar teen slegs R50 of selfs minder.
Moet ook nie wag om jul *Geloofsvormingsmateriaal* aan te skaf vir 2023 nie – wees gereed met wonderlike materiaal vir jul kinders en kategete." **Kliek hier** en lees meer.
CLF het onder meer die volgende reeks beskikbaar: https://shop.clf.co.za/product-category/books/faith-formation/.

❖ Kerkbode

Kerkbode se gedrukte uitgawe verskyn vanaf Maart 2023 as 'n lekkerlees maandblad. Lesers kan nou daarop inteken (3% afslag geld tot 1 Desember 2022). Deur in te teken ondersteun jy *Kerkbode* se volhoubaarheid. Dit is maklik, vinnig en veilig. Volg net die instruksies by hierdie skakel: https://kerkbode.christians.co.za/bestel/.

Kerkbode skryf: "Daar is verskeie redes waarom 'n groot groep voormalige nasionale diensplig veterane op die vooraand van pensioenouderdom nog onverwerkte trauma het. Dr Roelf Schoeman verduidelik hoekom hulp aan hierdie groep nie net 'n saak tussen 'n veteraan en 'n berader behoort te wees nie, maar in hulle plaaslike gemeenskappe geanker moet wees en hoe gemeentes 'n groot bydrae in hierdie verband kan maak."
Lees meer: https://kerkbode.christians.co.za/2022/11/07/so-kan-gemeentes-diensplig veterane-help-om-afsluiting-te-vind/

Petrus Moolman, het 'n nuwe boek gepubliseer oor demensie: *Lééf! – 'n Vars kyk op seniorvolwassenebediening in die geloofsgemeenskap.* **Kliek hier** om die berig in Kerkbode hieroor te lees. Bestel die boek by: epos@groep7.co.za.

❖ Vakatures

Kerkbode: **Kliek hier** vir die vakatures in die elektroniese Kerkbode.

Rietfontein-Noord

Musiekbedienaar - Die gemeente skryf: "Ons is opgewonde om jou uit te nooi om ons nuwe musiekbedienaar te word! **Kliek hier** vir die volledige advertensie As hierdie uitnodiging met jou praat, kontak vir Tiaan (0845128243 / tiaanvanniekerk@gmail.com) of Frans (0795243864 / ekfrans@gmail.com) voor *20 November* 2022. Ons sien uit om jou te ontmoet.

Naskrif